

Wat gebeur as die slagoffers die beskermingsbevel verontagsaam?

Dis 'n oortreding om 'n hofbevel te verontagsaam. Die respondent kan gearresteer word.

Wat gebeur as die slagoffers die beskermingsbevel verontagsaam?

As die klaer kontak met die respondent maak, dan het die respondent nie die wet oortree nie, al bepaal die beskermingsbevel dat hy geen kontak met die klaer mag hê nie. Jy moet egter onthou dat die hof oor jou die beskermingsbevel uitgereik het, omdat jy aan huishoudelike geweld onderwerp is. Deur terug na die respondent te gaan, kan jy jouself aan die risiko van verdere geweld onderwerp.

Ek is bang om vir 'n beskermingsbevel aansoek te doen, omdat ek bang is my man/kêrel/vrou/meisie gaan my aanrand sodra hy daarvan uitvind.

As jy 'n veilige plek kan kry om in te bly, verlaat die huis en doen dan eers aansoek om 'n beskermingsbevel.

Jy kan op dieselfde tyd wat jy na die polisie gaan, ook aansoek doen om 'n beskermingsbevel. Jy mag 'n klag teen die mishandelaar lê en hulle vra om hom onmiddellik te arresteer. As die mishandelaar jou dreig terwyl hy/sy uit is op borg, moet jy onmiddellik die polisie kontak. Sy/haar borgvoorwaardes gaan dan verval.

Ek is bang my man/kêrel/vrou/meisie gaan my aanrand as hy op borg uit is.

Jy moet die polisie in kennis stel dat jy bang is. Die mishandelaar kan op borg vrygelaat word met dien verstande dat hy/sy jou nie mag kontak nie. As hy/sy jou dan wel kontak, kan jy die polisie inlig en hy/sy kan weer gearresteer word.

Wat is die straf as jy 'n beskermingsbevel verontagsaam?

Die mishandelaar kan 'n boete van tot N\$8 000 of tronkstraf van tot twee jaar opgelê word of albei. Die mishandelaar kan oor naweke in die gevangenis gesit word of kan gemeenskapsdiens doen in plaas van om tyd in die gevangenis deur te bring. Sodoende kan die mishandelaar toegelaat word om steeds te werk en terselfdertyd sy straf uitdien.

Wat gebeur as die slagoffer lieg en sê die beskermingsbevel is verontagsaam?

Dis teen die wet om vir die polisie te lieg. Die slagoffer kan 'n boete opgelê word van tot N\$4 000 of tronkstraf van tot een jaar of beide.

Ek is te skaam om vir 'n beskermingsbevel aansoek te doen. Dit kan my familie in die skande steek.

Om aansoek te doen om 'n beskermingsbevel is 'n private geleentheid. As die saak na die Magistraatshof moet gaan is dit nog steeds privaat. Persone wat inligting rakende die saak publiseer sonder die hof se toestemming, kan gestraf word. Die persoon wat dit doen kan 'n boete van tot N\$10 000 of een jaar tronkstraf opgelê word, of albei.

Ek het nie voorheen probeer om hulp te verkry nie omdat ek nie wou hê my vriende moet van my familie probleme in die koerant lees nie. Die nuwe wet beskerm die privaatheid van my familie. Daar is 'n verslag van die gebeur in die koerant maar alle bewyse van ons identifikasie is uit gelaat.



Vir meer inligting raadpleeg gerus die Legal Assistance Centre se Gids oor die Wet op die Bekamping van Huishoudelike Geweld, Wet 4 van 2003.



Hierdie inligting is saamgestel deur
Dianne Hubbard, Rachel Coomer en Kate Barth.

Vertaling uit Engels na Afrikaans: Renate Jansen
Uitleg: Petra Tegethoff
Illustrasies: Nicky Marais

Befondsing: Die Franse Ambassade in Namibië

LEGAL ASSISTANCE CENTRE
P.O. Box 604, Windhoek, Namibia • Tel. 061-223356

SAK
BOEKIE

DIE WET OP DIE BEKAMPING VAN HUISHOUDELIKE GEWELD



Gender Research and Advocacy Project
LEGAL ASSISTANCE CENTRE
Windhoek, Namibia, 2008



Wat is huishoudelike geweld?

Huishoudelike geweld is wanneer geweld gepleeg word teenoor 'n familielid of iemand wat in 'n verhouding met die aanrander is. Wanneer kinders slagoffers hiervan is, word daarna verwys as "kindermishandeling".

Wat is 'n huishoudelike verhouding?

- Die huwelik
- Saamlewe/saamwoon (om as man en vrou saam te lewe sonder om getroud te wees)
- Kêrel en meisie
- Twee mense wat die ouers van 'n kind is
- Ouers en hulle kinders
- Familielede met huishoudelike verbande, byvoorbeeld 'n oom wat vir sy niggie of nefie skoolfooie betaal

Voorbeelde van huishoudelike geweld

1. **Fisiese aanranding**, soos slaan, skop of brand.
2. **Sekuele misdade**, soos verkragting of om iemand te dwing om seksuele omgang te hê.
3. **Ekonomiese sanksies**, soos om iemand die reg op geld of items wat hulle nodig het te ontnem (byvoorbeeld kos en hul eie salarisse).
4. **Intimidasie**, deur iemand doelbewus te dreig en angstig te maak.
5. **Teistering**, deur iemand te volg en gesprekke aan te knoop waarvan hulle nie hou nie.
6. **Betreding**, deur iemand se huis of erf te betree sonder toestemming, terwyl hulle nie saamwoon nie.
7. **Emosionele, mondelingse of sielkundige mishandeling**, is 'n voorbeeld van herhaalde beledigings en doelbewuste vernedering van 'n ander persoon.
8. **Dreigemente**, soos om te dreig om enige van bogenoemde te doen, kom neer op huishoudelike geweld.

Huishoudelike geweld sluit ook in om 'n kind bloot te stel aan seksuele aanranding, mondelingse of fisiese mishandeling.



Wat kan jy doen as jy huishoudelike geweld ervaar?

- (1) Jy kan aansoek doen by 'n magistraatshof om 'n beskermingsbevel.
- (2) Jy kan 'n klag by die polisie lê.
- (3) Jy kan die polisie vra om 'n formele waarskuwing aan die mishandelaar te gee.

Jy kan na die polisie gaan en terselfdertyd ook aansoek doen om 'n beskermingsbevel.

Wat is 'n beskermingsbevel?

'n Beskermingsbevel is 'n hofbevel wat die oortreder beveel om sy/haar gewelddadige optrede stop te sit, of om weg te bly van die mense wat hy/sy dreig of mishandel, of dat hy/sy selfs die huis moet verlaat.

Hoe doen jy aansoek om 'n beskermingsbevel?

1. Jy kan na die Magistraatshof toe gaan. Jy het nie 'n prokureur nodig nie en die Klerk van die Hof sal jou help om die vorms in te vul.
2. Jy moet alle getuies wat die aanranding gesien het, asook enige mediese rekords saam met jou neem.
3. Die Magistraat sal na jou inligting kyk. As daar genoeg getuienis is sal 'n tussentydse (tydelike) beskermingsbevel uitgereik word. Die Magistraat mag vir meer inligting vra voordat 'n besluit geneem kan word.
4. Wanneer die mishandelaar die beskermingsbevel ontvang sal hy/sy moet besluit of hy/sy kapsie daarteen gaan maak.
5. As die mishandelaar nie saamstem nie, kan 'n informele verhoor by die Magistraatskantoor gehou word. Hierdie verhoor is privaat en beide persone kan hul kant van die saak gee. Die Magistraat kan dan besluit of hy 'n finale beskermingsbevel gaan uitreik al dan nie.
6. Indien die mishandelaar die beskermingsbevel aanvaar, gaan dit in werking tree sonder 'n verhoor.
7. Die hof gaan 'n afskrif van die beskermingsbevel na die plaaslike polisie stuur.

Wanneer kan jy aansoek om 'n beskermingsbevel doen?

Enige tyd. Die Magistraat kan besluit om aansoeke vir beskerming selfs na ure of naweke te hanteer. 'n Beskermingsbevel is egter net bindend as dit aan die mishandelaar oorhandig is. Daar is geen foie vir 'n beskermingsbevel nie.

Wie kan om 'n beskermingsbevel aansoek doen?

- Enigiemand wat in 'n huishoudelike verhouding is wat mishandel word of met geweld gedreig word.
- As jy minderjarig is, dit wil sê onder 21, kan iemand namens jou vir 'n beskermingsbevel aansoek doen as jy wil.
- As jy ouer as 21 jaar oud is en te bang om self vir 'n beskermingsbevel aansoek te doen, kan iemand anders dit vir jou doen. Die slagoffer in hierdie geval moet skriftelike toestemming gee, behalwe as die persoon bewusteloos is.

Slegs 'n persoon wat deur 'n beskermingsbevel beskerm word, kan 'n klag by die polisie lê dat dat die beskermingsbevel oortree is.

Wat sê 'n beskermingsbevel?

Alle beskermingsbevele gee aan die respondent (oortreder) opdrag om sy/haar gewelddadige optrede stop te sit.

Elke beskermingsbevel verskil, afhangende van die situasie. Die beskermingsbevel kan sê:

- Die respondent moet alle wapens aan die polisie oorhandig.
- Die respondent mag nie enige kontak met die klaer hê of naby die klaer kom nie.
- Die respondent mag gevra word om die huis te verlaat. Dit is alleenlik geldig as daar enige fisiese geweld was. Die respondent kan gevra word om vir ten minste 6 maande uit te trek al behoort die huis ook gesamentlik aan hulle.
- Die respondent moet ook huur vir die klaer se verblyf betaal.
- Die respondent mag nie gesamentlike eiendom beskadig nie.
- Die respondent moet ook onderhoud vir tot ses maande betaal om sodoende die klaer genoeg tyd te gee om aansoek te doen vir 'n gewone onderhoudseis.



Jy kan ook vra dat die beskermingsbevel die respondent verhoed om kontak met ander persone te maak. Byvoorbeeld as jy bekommerd is dat die respondent jou suster skade mag berokken, kan sy ook by die beskermingsbevel ingesluit word. Sy moet egter haar skriftelike toestemming daartoe gee.

Hoe lank is die finale beskermingsbevel geldig?

Elke beskermingsbevel verskil. Die volgende punte is egter van toepassing:

- 'n Geen kontak beskermingsbevel kan geldig bly vir drie jaar.
- As die respondent die eienaar van die huis is kan hy/sy gevra word om vir ses maande uit te trek.
- As die klaer die eienaar van die huis is kan die respondent gevra word om uit te trek vir enige tydbestek waarop die hof besluit.